BURGER (Kaap Platteland)
03 May 2012, p.2

# Gewese adjunk daag NVG uit oor Mdluli

Sonja Carstens

PRETORIA. – 'n Voormalige adjunkhoof van die nasionale vervolgingsgesag (NVG) daag die vervolger uit om in nasionale belang die bedrog- en korrupsiedossier teen lt.genl. Richard Mdluli bekend te maak.

Adv. Jan Henning SC, gewese adjunkhoof van die NVG, het gesê dit kan nie ligtelik opgeneem word dat adv. Glynnis Breytenbach, geskorste streekhoof van die gespesialiseerde handelsmisdaadeenheid, eis dat die NVG sy besluit hersien om nie die polisiehoof van misdaadintelligensie te vervolg nie.

Breytenbach, wat 25 jaar ervaring as aanklaer het, het dié vervolging gelei en meen daar is 'n prima facie-saak teen Mdluli.

Die NVG het haar vandeesweek met betaling geskors hangende 'n tugondersoek na haar beweerde magsmisbruik in die Kumba/Imperial Crown Trading-bedrogondersoek.

"Die NVG se hantering van die Mdluli-saak skep wantroue in die hele strafregstelsel. Hier heers 'n uitsonderlike situasie waar 'n aanklaer haar loopbaan op die spel plaas omdat sy só sterk voel oor die meriete van die saak en haar grondwetlike plig om te vervolg," het Henning gesê.

Volgens hom is die openbare bekendmaking van die dossierinhoud die enigste manier om vrae uit die weg te ruim as Mdluli nie vervolg word nie.



Adv. Glynnis Breytenbach, geskorste streekhoof van die gespesialiseerde handelsmisdaadeenheid, gister buite die kantoor van haar regsverteenwoordiger.
Foto: LISA HNATOWICZ

Die saak teen Mdluli en sy medebeskuldigde, kol. Heine Barnard, ook van die polisie se misdaadintelligensie-eenheid, is in Desember verlede jaar voorlopig teruggetrek.

Adv. Lawrence Mrwebi, nuut aangestelde direkteur van die gespesialiseerde handelsmisdaadeenheid, het intussen die ondersoek afgesluit met sy besluit om Mdluli nie te vervolg nie.

Breytenbach het op 24 April in 'n memorandum gevra dat adv. Nomgcobo Jiba, waarnemende hoof van die NVG, Mrwebi se besluit moet hersien. Indien nie, sal sy dit in die hof op hersiening neem.

Prof. Koos Malan, dosent in publiekreg aan die Universiteit van Pretoria, het gesê Breytenbach is as aanklaer in 'n baie beter posisie as haar hoof om te besluit oor vervolging.

" 'n Mens sou verwag dat daar vir die NVG gevaarligte flikker nadat die appèlhof opdrag gegee het dat alle tersaaklike dokumentasie wat tot die terugtrekking van die korrupsieaanklagte teen pres. Jacob Zuma gelei het, aan die DA oorhandig moet word," het Malan gesê.

Volgens hom word die indruk gewek dat die NVG iemand na aan die staat spaar en word die vervolger se integriteit in gedrang gebring.

"As die NVG met sy besluit volstaan, kan enige ander organisasie of lid van die publiek, nie net Breytenbach nie, dit op hersiening neem. Die NVG maak sy flanke baie wyd oop," het Malan gewaarsku.

Prof. Dirk Kotzé, dosent in politieke wetenskap aan Unisa, het gesê die indruk word gewek dat Breytenbach geoffer word vir 'n groter politieke prentjie, vermoedelik omdat Mdluli beskou word as die geskorste polisiehoof, genl. Bheki Cele, se opvolger.